

SKRIFLESING

Skriflesing: 1 Joh 4:7-21

PREDIKING

Tema: Ons is God se fontein van liefde.

Ek het: "liefde is" by Google ingetik en meer as 1 340 000 resultate in heelwat minder as 'n ½ sekonde gekry. Deur die eeue het mense oor liefde gedink, geskryf, gedroom, gepraat en gesing soos waarskynlik oor geen ander woord nie. Dit is hartseer dat die grootste deel van die wêreld steeds nie weet wat liefde is nie, terwyl ons weet. Ons lees van liefde in 1 Joh 4:7-21.

Die bron van liefde.

Ons kan nie van liefde praat sonder om van God te praat nie. Ons lees in 1 Joh 4:7: "Liefde kom van God" en in 1 Joh 4:8 en 16: "God is liefde." God se liefde word sigbaar in Christus. Dit is dus baie duidelik dat God die fontein is waaruit liefde vloei. Maar hoe lyk liefde?

Die aard van liefde.

God se liefde is nie net iets wat gesê word nie. God doen liefde. Ons het van liefde 'n selfstandige naamwoord gemaak, terwyl dit 'n werkwoord is. God is liefde, want Hy doen liefde. Ons lees in 1 Joh 4:9-10: "Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. ¹⁰Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."

As jy liefde wil sien, gaan staan langs die krip, kniel by die kruis en jubel by die leë graf. God se liefde word sigbaar deur sy enigste Seun, Jesus Christus. Christus het gekry wat ons verdien, die doodstraf as gevolg van ons sondes wat Hy op Hom geneem het. Ons het van God as geskenk gekry wat Christus moes kry, die lewe in oorfloed en die ewige lewe. Daarom leef ons vandag sonder vrees vir God se straf en oordeel. Hy verseker vir ons wat glo in Jesus Christus dat Hy ons sondes vergewe en dat ons die ewige lewe het.

By Jesus Christus leer ons dat liefde nie net iets is wat ons bely of voel of oor praat nie. Liefde is iets wat gedoen word. Liefde is om te dien. Jesus het mense se voete gewas en sy lewe vir ons afgelê.

Liefde is ook onvoorwaardelik. Liefde is nie 'as jy, dan sal ek' nie. Liefde is nie gee en neem nie. Liefde is gee en gee. Dit is om op te offer ter wille van die voordeel van ander.

Liefde is om lief te hê, nie ter wille van wie jy is nie, maar ten spyte van wie jy is.

Sulke liefde is nie menslik nie, dit kom van God af. As hierdie liefde uit jou lewe vloei, weet jy dat God, deur sy Heilige Gees, in beheer van jou lewe is.

Die doel van God se liefde is dat ons God sal liefhê, maar ook mekaar sal liefhê.

Ons lees in 1 Joh 4:7 en 11 en 20-21:

"⁷Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God." "¹¹Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê." "²⁰As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. ²¹En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê."

Liefde vir God en liefde vir mense is nie twee liefdes nie. Ons kan dit nie van mekaar skei nie. Dit is een liefde. Dit is twee kante van dieselfde muntstuk.

Verskillende besighede en rugbyspanne het verskillende kenmerkende logo's en truië. Dit is waaraan hulle uitgeken word. Kinders van Here word nie in die eerste plek uitgeken aan erediensbywoning, hoeveel Bybelverse jy uit jou kop ken, of jy die kerkgebou help bou het, of jy 'n dominee of kerkraadslid is of hoeveel dankoffer jy gee nie. Ons word aan liefde uitgeken.

In Ges 223 het ons gesing:

"Hoe sal hul 'n Christen meet?

Aan ons liefde sal hul weet.

Hy werk in sy alvermoë naasteliefde onbegrens:

Is geringes honger naak, hoe intens sal dit ons raak?"

Om liefde soos die van Christus te leef, is nie so moeilik nie. Ons liefde is die uitvloeï van die liefde wat God in ons werk. Ons lees in 1 Joh 4:19: "19Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."

God het ons eerste liefgehad. Daarom kan ons nie anders as om ook lief te hê nie. Die eerste deel van vrug wat die Heilige Gees in ons werk, is liefde. Daarom kan ons nie anders as om ook lief te hê nie.

Nog 'n rede vir God se liefde in ons, is dat ons Hom sal sigbaar maak in die wêreld. Ons lees in 1 Joh 4:12: "12Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het Sy liefde in ons Sy doel volkome bereik."

Niemand het God nog ooit gesien nie. God se liefde het eenmaal sigbaar geword in Jesus Christus se se liefdesdaad vir ons. God se liefde word vandag sigbaar in ons, as Sy kinders, se liefde vir mekaar. As ons mekaar liefhet, kan mense God en Sy liefde sien.

Kom ek stel dit anders. God se liefde word nie in die eerste plek deur visioene, openbarings en wonderwerke gesien nie. God se liefde word nie in die eerste plek in afsondering op eensame plekke gevind nie. God se liefde word vandag sigbaar deur jou en my.

By jou huis, in jou huwelik en verhouding met jou kinders, by die werk, op die sportveld, terwyl jy bestuur en in die winkelkompleks moet mense God en Sy liefde vir die wêreld sien in ons liefde vir mekaar en vir die wêreld. Die Here se liefde word sigbaar wanneer ons, soos Hy, liefde leef deur ander te dien en onself te gee. God se liefde word sigbaar wanneer ons ander liefhet ten spyte van wie hulle is.

God se liefde, deur ons, word ook sigbaar in ons diensbaarheid teenoor die wêreld. Ons lees in 1 Joh 3:16-18: "16Hiëraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. 17Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees? 18Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."

Wie elke dag genoeg het om te eet en nie mense help, wat honger ly nie - hoe kan die liefde van God in so 'n persoon wees? Wie elke aand warm slaap en nie hulle help wat koudkry nie - hoe kan die liefde van God in so 'n persoon wees?

Sluit af

Wanneer die wêreld vra: "Hoe lyk liefde?" moet ons as kinders van die Here sê: "Kyk na my."

Ek glo in die God wat liefde is, daarom vloei Sy liefde sigbaar en hoorbaar uit my lewe na ander.

Ek is God se fontein van liefde.

Amen